LAERSKOOL *Durbanville* **PRIMARY SCHOOL**

Weyerslaan
Durbanville, 7550

Telefoon – (021) 976 8115 - Telephone
E-pos / E-mail: finance@durbieland.com

Weyers Avenue
Durbanville, 7550

Omsendbrief 17 / 2021 02 November 2021

Geagte Ouer / Voog

SKOOLGELD 2022

Die Beheerliggaam het op 25 Oktober 2021 'n begrotingsvergadering met die ouers van ***Laerskool Durbanville*** gehou. Die volgende resolusies is eenparig, deur alle ouers teenwoordig, goedgekeur.

1. **BEDRAG VAN SKOOLGELD, TERME VAN BETALING EN AFSLAG**

1.1 **Skoolgeld**

Skoolgeld sal ooreenkomstig die bepalings van Artikel 38 en 39(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet ("Die Skolewet") vasgestel en gehef word.

Skoolgelde vir 2022 beloop **R22,500.00** per leerder per jaar (3.59% verhoging).

1.2 **Terme van betaling**

Skoolgeld is **jaarliks vooruitbetaalbaar**. Die bedrag kan in 10 gelyke maandelikse paaiemente van **R2,250.00** betaal word op die laaste werksdag van elke maand – dus 31 Januarie 2022 tot 31 Oktober 2022. Die volle uitstaande skoolgeld sal onmiddellik opeisbaar en betaalbaar word indien enige paaiement nie op die betaaldatum betaal is nie.

1.3 **Afslag**

Afslag vir eenmalige betalings - R950.00 afslag sal toegestaan word op jaarlikse skoolgeld, wat voor / op 28 Februarie 2022 ten volle vereffen word. Die totale bedrag betaalbaar beloop dus **R21,550.00**.
Afslag vir debietordermagtigings - R740.00 afslag sal toegestaan word indien skoolgelde per debietorder van **R2,176.00** betaal word oor 10 maande – dus 31 Januarie 2022 tot 31 Oktober 2022 (of 05 Februarie 2022 tot 05 November 2022). Die totale bedrag betaalbaar beloop dus R21,760.00.

2. **VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE**

2.1 Alle ouers sal verplig wees om skoolgeld te betaal, tensy hulle vrygestel word ooreenkomstig die bepalings van die Skolewet, enige toepaslike regulasies en hierdie resolusie.

2.2 Ouers wat nie in staat is om skoolgelde te betaal nie, kan aansoek doen vir algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van skoolgeld [prosedure soos in Artikel 39(4) van die Skolewet voorgeskryf].

2.3 Die beheerliggaam kan die bevoegdheid om vrystellingsaansoeke te ontvang, te oorweeg en daaroor uitsluitsel te gee, aan 'n komitee van die beheerliggaam delegeer.

2.4 Die enigste maatstaf waarvolgens die beheerliggaam sal beoordeel of vrystelling verleen word, is of die applikant voldoen aan die kriteria vir vrystelling soos uiteengesit in die Skolewet en enige toepaslike regulasies.

2.5 Die verantwoordelikheid berus uitsluitlik by die ouers om aansoek te doen en bewys te lewer dat hulle volgens die norme en standaarde kwalifiseer vir kwytskelding of vermindering van skoolgeld. **Hierdie aansoekvorm moet jaarliks voltooi en teen 28 Februarie by die finansiële kantoor ingehandig word** (Me. Retha Boonzaaier – accounts@durbieland.com).

3. BEGROTING 2022

3.1 Die begroting, soos voorgestel deur die beheerliggaam en voorgelê aan teenwoordige ouers, is goedgekeur.

3.2 Die beheerliggaam word gemagtig om tekorte wat mag ontstaan op begrote bedrae vir bepaalde items op die begroting, aan te vul uit oorskotte wat mag ontstaan by ander items, onderworpe daaraan dat die totale begroting nie oorskry word nie.

4. KO-KURRIKULêRE PROGRAM

4.1 ***Laerskool Durbanville*** se ko-kurrikulêre program (wat ingesluit is in die begroting), sluit die volgende in:

Koor, drama, didaktiese onderrig, eisteddfodgroepe, landloop, skaak, atletiek, swem, bergfiets (gedeeltelik), intreevlak tennis, rugby, krieket, intreevlak gholf, hokkie, netbal en tweekamp.

4.2 Alle ander aktiwiteite wat buite hierdie goedgekeurde program val, is **vrywillig deelname en word teen addisionele kostes aangebied.** Voorbeelde hiervan is nasorg, klubs, musiek en toere.

4.3 **Toere** word as 'n vrywillige addisionele aktiwiteite gesien. Ten spyte hiervan word daar nie gediskrimineer teen leerders wat nie 'n finansiële bydrae tot 'n toer kan maak nie. In so 'n geval moet die ouers die skool van stawende dokumente voorsien om aansoek te doen vir algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling.

Let asseblief op die volgende belangrike reëlings:

(a) DEBIETORDERSTELSEL

- Alle ouers wat die skoolgeld oor 10 maande afbetaal, word aangemoedig om die debietorderstelsel te gebruik. Dit vereenvoudig die skool se administrasie en verminder risiko's.
- **Bestaande debietorders** - die bestaande debietorders se bedrae sal outomaties aangepas word na R2,176.00 vir 2022. Dit is nie nodig om 'n nuwe debietordervorm in te vul, indien u reeds 'n bestaande reëling het wat onveranderd bly nie.

- **Kansellasie** - indien u kind(ers) die skool verlaat teen die einde van 2021 moet u asseblief u debietorder skriftelik kanselleer. **Graad 7 leerders van 2021** se debietorders sal outomaties gekanselleer word.
- **Wysigings -** rig alle wysigings skriftelik voor **Dinsdag, 30 November 2021** aan die finansiële kantoor (payments@durbieland.com).
- **Datum** - debietorders is oor 10 maande betaalbaar en u het 'n keuse van die volgende 2 maandelikse datums: die **laaste werksdag van 'n maand of die 5de dag van die daaropvolgende maand.** Die betaaldatums is dus 31 Januarie 2022 (of 5 Februarie 2022) tot 31 Oktober 2022 (of 5 November 2022). Geen ander datums sal oorweeg word nie.
- Indien 'n debietorder meer as twee keer terugkom as gevolg van **onvoldoende fondse**, sal die debietorder outomaties gestaak word. **'n Koste van R50 sal gehef word** vir 'n debietorder wat teruggestuur word, deur die bank.
- **BAIE BELANGRIK - Nuwe debietorders vir 2022 moet teen Dinsdag, 30 November 2021 teruggestuur word** (payments@durbieland.com).

(b) **NASORG**

Die nasorg word as 'n addisionele diens aangebied en word as 'n jaargeld beskou. 'n Afbetalings-ooreenkoms kan oor 10 maande aangegaan word.en **is streng betaalbaar aan die einde van elke maand (31 Januarie 2022 tot 31 Oktober 2022)**. Indien die afbetalings-ooreenkoms nie nagekom word nie, sal hierdie ooreenkoms verval. Die leerling sal slegs **hertoegelaat** word, indien die totale uitstaande bedrag **vooruit** betaal word. **Agterstallige betalings sal meebring dat die leerder nie verder van die nasorgdienste gebruik kan maak nie.**

Die tariewe en betaalwyses vir 2022 is:

Jaarliks	R11,400.00
Indien per debietorder of EFT betaling (10 gelyke maandelikse paaiemente, vanaf 31 Januarie 2022 tot 31 Oktober 2022)	R1,140.00
Ad hoc / dag, in noodgevalle, asook boetes / dag vir laat optel	R85.00

Debietorders: Die tarief van die nasorg kan saam met die skoolgeld per debietorder betaal word. Die nodige reëlings moet skriftelik met die finansiële kantoor getref word (payments@durbieland.com).

Durbanville-groete

Mnr. A. van der Merwe
BEHEERLIGGAAM TESOURIER

Me. S Smit
FINANSIËLE BESTUURDER

Mnr. P. du Toit
SKOOLHOOF

DURBIES VIR ALTYD